

# Popsterre uit die Ooste sal nou renosterboodskap uitdra

**Cara-Lee Scheun**

PORT ELIZABETH. – Dit was toe die renoster stadig op sy knieë sak en omval dat haar siening oor dié diere vir altyd verander het.

“Dit was soos om te kyk hoe hy doodgaan, en dít het my verander,” het Thu Minh, ’n Viëtnamese popster, gister hier aan *Die Burger* vertel nadat sy gesien het hoe ’n renoster verdoof en gemerk word.

Minh en Thanh Bui, die “Juanita du Plessis” en “Steve Hofmeyr” van Viëtnam, het die afgelope naweek op uitnodiging van die Wildernisstigting van nader kennis gemaak met renosters as deel van ’n veldtog om die aanvraag na renosterhoring te verminder.

“Ek het die wonderstories oor renosterhoring geglo,” het Minh gister gebieg, “maar nou het ek die renoster beleef, ek het die renoster gesien, gevoel en geruik. Alles het verander.”

Minh erken dit is maklik om vir dié stories van renosterhoring se helende kragte in Viëtnam te val.


Bui het ook al gehoor dat renosterhoring jou van kanker sal genees, maar het dit self nog nie gesien nie. “Hulle sê om te sien, is om te glo, maar om te voel en te ervaar, is wat my nou werklik laat glo.”

Albei die popsangers het toegekyk hoe ’n renoster verdoof word en daarna gemerk is.

Bui het ook die oomblik uitgesonder as een van die belangrikstes wat hy sal gebruik om die boodskap oor renosterbewing oor te dra.

Met hul musiek hoop hulle om die verhaal van die renosters aan hul aanhangers en ander invloedryke vriende te vertel. “Die verhaal van hoe kosbaar ’n renoster is.”

Tussen Bui en Minh het hulle bykans 3 miljoen aanlyn-volgelingen. “Ons het baie om te



**Een van die oomblikke wat die Viëtnamese popsterre Thu Minh en Thanh Bui sal koester en gebruik in hul boodskap vir renosterbewing was toe hulle toegekyk en deelgeneem het aan die verdoofing en merk van ’n renoster. Foto: VERSKAF**



**Ek het die wonderstories van renosterhoring geglo, maar nou het ek die renoster beleef, ek het die renoster gesien, gevoel en geruik. Alles het verander.**

vertel en gelukkig is musiek baie gewild in Viëtnam en ek glo ons sal ’n verskil kan maak,” het Bui gesê.

Met duisende foto’s, ure se videomateriaal en ’n naweek vol “lewensveranderende oomblikke” het Bui en Minh reeds lirieke vir hul eerste liedjie.

“‘Love’ sal die titel wees, want liefde kan die situasie verander en ek het ook verlief geraak op wat ek hier gesien

het,” het Bui trots gesê.

Dit is volgens Andrew Muir, uitvoerende hoof van die Wildernisstigting, hoekom Minh en Bui genader is. Die hoofboodskap wat hy hoop hulle sal uitdra, is om aan die wêreld te wys waar renosterhoring vandaan kom en die tragedie wat met die stropery gepaard gaan.

Planne vir ’n soortgelyke veldtog met China word tans bespreek.